Message
Boodskap
Umyalezo
Molaetso

# Van die KANTOOR van die SA BALJURAAD

www.sheriffs.org.za
Tel: 021 462 3209

JULIE 2009

## *DANKIE AAN AL ONS BALJU'S!!!*

***Ons deel graag die inligting hieronder met julle.'n Paar van ons balju's het hulle harte vir behoeftiges oopgemaak en ruimskoots bygedra sodat ons die ongelooflike bedrag van R54 700,00 bymekaar kon maak. Sonder hulle onselfsugtige pogings sou ons dit sekerlik nie kon doen nie.***

Die geld is gebruik om in basiese noodsaaklikhede te voorsien, en 100 behoeftige gesinne het daarby baat gevind.

**Kontantskenkings is aan die volgende organisasies oorhandig:**

- Die St Anne-tehuis vir mishandelde vroue en kinders
- Die Crusaders-bofbalklub vir minder bevoorregtes
- Die Lavender Hill Village-sorgsentrum
- Siek kind in die hospitaal
- Rolstoel-skenking

**Ontvangers van kospakkies:**

- Koskombuis van die Phillipi-moskee
- Koskombuis van die Lost City-moskee, Mitchells Plain
- Die Gugulethu-polisiestasie is as 'n basis gebruik vanwaar kospakkies aan behoeftiges oorhandig is
- Kospakkies is ook vanuit die Macassar-polisiestasie aan bejaardes en behoeftiges uitgedeel
- Die Lavender Hill City Missionary Village-sorgsentrum

***Ons sê weer eens baie dankie aan julle –julle bydrae het dit 'n groot sukses gemaak! Dit was voorwaar 'n wonderlike ervaring om te gee, en die vreugde en geluk op ander se gesigte te ervaar.***

## *Waarde toegevoeg tot die behoeftegebaseerde opleidingswerkswinkels (NBT)*

Die NBT-sessies wat gedurende 2007 en 2008 aangebied is, was 'n groot sukses en het daartoe bygedra om die getal klagtes in die baljukantoor te verminder en balju's se nakoming van regsverpligtinge te verbeter.

Dit is duidelik dat slegs twee persone nie in 2007/2008 die regsverpligtinge nagekom het nie in teenstelling met 6 in 2006/2007, aangesien die name van 4 van die balju's wat in 2007/2008 oortree het, weer net so in die nasionale koerante geadverteer is. Dit is ook belangrik om te meld dat geeneen van die balju's op die lys enige van die NBT-sessies bygewoon het nie.

- In 2006/2007 is 38 balju's gestraf vir die laat indiening van regsverpligtinge.
- In 2007/2008 is slegs 19 balju's gestraf vir die laat indiening van regsverpligtinge.
- 18 van die 38 balju's wat in 2006/2007 gestraf is, is herhaaldelike oortreders van 2007/2008. Hulle het nie die NBT-werkswinkels bygewoon nie.
- 10 van die balju's wat in 2006/2007 gestraf is, het die NBT-werkswinkels die volgende jaar bygewoon en die regsverpligtinge betyds nagekom, en is dus nie in 2007/2008 gestraf nie.

***Indien jy inligting met jou kollegas wil deel, stuur die artikel aan vincent@sheriffs.org.za***

## PROJEK UHURU

Die SABFS het vanjaar projek UHURU geloods, gemik op die voorsiening van bedryfs-/administratiewe bystand aan 13 kantore wat in die Oos-Kaap geïdentifiseer is.

Verdere projekte soos die NBT-sessies en projek UHURU moet aangemoedig, gesteun en geïmplementeer word ten einde deurlopende positiewe werkverrigting in die baljusektor te bevorder.

**Provinsiale werkswinkels vir 2009**

- Limpopo (Polokwane) 26 & 27 Junie
- Noordwes (Klerksdorp) 10 &11 Julie
- Gauteng (Sandton) 24 & 25 Julie
- Wes-Kaap (Kaapstad) 30 & 01 Augustus
- Oos-Kaap (Port Elizabeth) 17 & 18 Julie
- Oos-Kaap (Mthatha) 14 & 15 Augustus
- Noord-Kaap (Kimberley) 21 & 22 Augustus
- Kwazulu-Natal (Pietermaritzburg) 4 & 5 September
- Vrystaat (Bloemfontein) 18 & 19 September
- Mpumalanga (Nelspruit) 2 & 3 Oktober

**Baie dankie aan al die huidige ad hoc- en waarnemende balju's en hul personeel dat hulle verseker dat die baljukantoor steeds sy dienslewering kan voortsit en die standaard van diens onder die omstandighede kan handhaaf.**